OOSTELIKE SINODE
Jan Albertslaan 1, Val de Grace, Pretoria 0184
012 804 9543/4 | 062 459 5145
www.sinoos.co.za
PBO#930005497

Hier is ons ek
Stuur ons my

UITVOERENDE AMPTENAAR

12 JUNIE 2026

DIE KERKRAAD

TWEEDE KENNISGEWING VAN DIE TWEE-EN-TWINTIGSTE SINODEVERGADERING VAN DIE OOSTELIKE SINODE 15 TOT 17 OKTOBER 2026 TE PIERRE VAN RYNEVELD - PRETORIA

Geagte Voorsitter

Hiermee ontvang u die tweede kennisgewing van die twee-en-twintigste sinodevergadering van die Oostelike Sinode.

Die ontwerpspan maak goeie vordering met die beplanning van die vergadering. Gemeentes behoort in hierdie stadium dringend aandag te gee aan die aanwysing van hul afgevaardigdes vir die vergadering.

Elke gemeente moet, ingevolge Artikel 33 en Bepaling 31, ’n afvaardiging na die Sinode aanwys. Die afvaardiging bestaan uit primarius-lede en sekundus-lede. Uit die geloofsbriewe wat ons tot dusver ontvang het, blyk dit dat hierdie proses moontlik nie duidelik is nie. Daarom word die vereistes hieronder kortliks uiteengesit.

Eerstens, wat die **afvaardiging van leraars** betref: elke gemeente is geregtig om gelegitimeerde predikante en diensleraars wat in predikants- of diensleraarsposte bevestig is, na die Sinode af te vaardig. Waar ’n leraarspos vakant is, mag die kerkraad ’n kerkraadslid in die plek van die vakante leraarspos afvaardig.

Tweedens moet die kerkraad een **kerkraadslid as primarius-lid** na die vergadering afvaardig vir elke leraarspos. Hierdie kerkraadslid kan ’n ouderling of ’n diaken wees, mits die persoon wettig verkies en bevestig is.

Derdens moet gemeentes ook aandag gee aan die aanwysing van **sekundus-lede**. ’n Sekundus-lid is ’n plaasvervanger wat kan instaan indien ’n primarius-lid nie die vergadering kan bywoon nie. Sekundus-lede word dus aangewys vir die leraar(s) en vir die primarius-kerkraadslid/-lede, soos op die geloofsbrief aangedui.

Let asseblief noukeurig op die betrokke blokkies op die geloofsbrief en vul die besonderhede van elke persoon volledig en korrek in. Indien ’n gemeente byvoorbeeld slegs een leraarspos het, kan daar een leraar, een primarius-kerkraadslid en die toepaslike sekundus-lid/-lede vir elk aangewys word, ooreenkomstig die voorskrifte op die geloofsbrief.

Let daarop dat, waar ’n leraarspos vakant is, ’n kerkraadslid in die plek van daardie vakante pos as primarius-lid aangewys kan word, en dat ’n toepaslike sekundus-lid ook aangewys moet word. Geloofsbriewe moet op die voorgeskrewe formaat, soos aangeheg, teen **30 Julie 2026** aan die Uitvoerende Amptenaar (uitamp@sinoos.co.za) gestuur word.

2. **Beskrywingspunte.** Kerkvergaderings kan, via die ring, deur middel van beskrywingspunte sake vir die agenda na die Sinode verwys. Let asseblief op die reëls vir beskrywingspunte in Reglement Oos-1. Alle beskrywingspunte moet teen **15 Julie 2026** op die **voorgeskrewe vorm** by die Uitvoerende Amptenaar (uitamp@sinoos.co.za) ingedien wees.

3. **Tegnologie.** Kerkrade word daaraan herinner dat selfoontegnologie tydens die vergadering vir registrasie- en stemprosedures gebruik sal word. Elke afgevaardigde moet asseblief sy/haar slimfoon (Android of Apple), met internettoegang en WhatsApp, na die vergadering saambring. Data sal voorsien word aan diegene wat dit benodig.


4. **Verblyfreëlings.** Gemeentes is verantwoordelik vir die verblyfreëlings van afgevaardigdes wat moet oorslaap. Die Sinodehuis sal binnekort inligting oor moontlike verblyfplekke en besprekingsreëlings beskikbaar stel.

5. **Reisreëlings.** Die Sinode sal, soos voorheen, ondersteuning met reiskoste verleen aan gemeentes wat verder as 100 km van die vergaderlokaal geleë is. Verdere inligting hieroor sal binnekort bekend gemaak word.

6. **Ten slotte.** Die ontwerpspan sal in die aanloop tot die vergadering gereeld met gemeentes kommunikeer. Ons versoek dat gemeentes steeds die vergadering en die voorbereiding daarvoor in gebed aan die Here sal opdra. Dit is ’n belangrike kerklike vergadering wat deur alle gemeentes bygewoon behoort te word. Kontak asseblief die Sinodehuis indien daar enige navrae is.

Baie dankie vir u aandag.

Vriendelike groete



Johan Botha

Uitvoerende Amptenaar

Oostelike Sinode

GELOOFSBRIEF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK OOSTELIKE SINODE

Die Kerkraad van die NG Kerk

_____

het by die vergadering gehou op _____ 20 ___

die volgende persone afgevaardig na die

SINODESITTING van **15 – 17 OKTOBER 2026** te Pierre van Ryneveld:

PRIMARIUS LERAARS / DIENSLERAARS:

"Afgevaardigde leraars/diensleraars" is gelegitimeerdes wat as leraar/diensleraar in die gemeente beroep en bevestig is.

[* Voeg bykomende persone in soos nodig]

Volle naam en van:	Noemnaam:	Selfoon:	Epos:
1.			
2.			
3.			

SEKUNDUS LERAARS / DIENSLERAARS:

[* Voeg bykomende persone in soos nodig]

Volle naam en van:	Noemnaam:	Selfoon:	Epos:
1.			
2.			
3.			

[Belangrik: 'n Sekundus afgevaardigde woon die vergadering **slegs** by indien die primarius afwesig is.]

PRIMARIUS KERKRAADSLEDE:

"Afgevaardigde kerkraadslede" dien tans en steeds op 15-17 Oktober 2026 as kerkraadslede van die gemeente

[* Voeg bykomende persone in soos nodig]

Volle naam en van:	Noemnaam:	Selfoon:	Epos:
1.			
2.			
3.			

SEKUNDUS KERKRAADSLEDE:
[* Voeg bykomende persone in soos nodig]

Volle naam en van:	Noemnaam:	Selfoon:	Epos:
1.			
2.			
3.			

[Belangrik: 'n Sekundus afgevaardigde woon die vergadering **slegs** by indien die primarius afwesig is.]

Hierdie afgevaardigde(-s) het die opdrag om die Kerkraad op die genoemde vergadering in alles te verteenwoordig en namens die Kerkraad aan die beraadslagings en besluite oor alle sake wat wettig ter tafel kom, deel te neem, in onderworpenheid aan die Woord van God, die belydenis en die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Voorsitter	**Skriba**	**Datum**

STUUR ASSEBLIEF VOLTOOIDE VORMS VOOR 30 JULIE 2026 NA
JOHAN BOTHA: uitamp@sinoos.co.za

OOSTELIKE SINODE

RIGLYNE VIR DIE OPSTEL VAN 'n BESKRYWINGSPUNT

1. 'n Beskrywingspunt word skriftelik per begeleidende brief op die voorgeskrewe vorm deur 'n kerkraad of ring minstens drie maande voor die aanvang van 'n sinodesitting, by die skriba van die Sinodale Diensraad ingedien. Die voorgeskrewe vorm word in die Familiereëls gevind.

2. Indien 'n beskrywingspunt later ingedien word, moet die sinode toestemming gee of dit gaan dien, aldan nie.

3. Tydens die sinodesitting self, mag 'n afgevaardigde ook 'n beskrywingspunt indien. Die sinode gee toestemming of dit gaan dien, aldan nie.

4. Daar word aangedui watter kerkvergadering die beskrywingspunt indien.

5. Ter wille van administrasie word skribas versoek om "Beskrywingspunte" op afsonderlike bladsye in te dien.

6. Dit word van 'n kort samevattende opskrif voorsien.

7. Dit word so geformuleer dat die sinode by die lees daarvan sonder enige moeite sal weet presies wat die beskrywingspunt vra, sê of bedoel.

8. Dit word, waar enigsins moontlik, van 'n motivering vergesel.

9. Dit bevat 'n duidelike verwysing na 'n betrokke sinodebesluit, Artikel, Bepaling of Reglement, indien die beskrywingspunt 'n voorstel vir die hersiening (revisie) van 'n sinodebesluit of bepaling behels.

10. Dit moet positief gestel word sodat elke afgevaardigde presies sal weet waarvoor hy/sy stem wanneer "Ja" of "Nee" gestem word.

11. Indien die beskrywingspunt kerkordelike implikasies het, word dit na die Kerkregdiensgroep verwys om die sinode met die beste advies te dien voordat 'n finale besluit geneem word.

BRONVERWYSING: Reglement OOS-1: Reglement van orde (2024)

Familiereëls 2024

BESKRYWINGSPUNT

Adres _____

_____

_____

Datum

Die Uitvoerende Amptenaar

Oostelike Sinode

OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT _____

FORMULERING Die Sinode besluit dat _____

_____

_____

_____

_____

Bepaling of Sinodebesluit waarna verwys word (*indien van toepassing*) _____

_____

MOTIVERING _____

_____

_____

_____

_____

_____ _____ _____

Handtekening **Hoedanigheid** **Datum**

Naam van afgevaardigde/kerkraad/ring/bediening van die sinode

_____